# Die Boek van Debora

## Inleiding.

Debora, die rigter, was ‘n uitverkorene van MY, sy het MY verbly. In MY krag het sy vooruit getrek om die vyand te verslaan. Sy het MY altyd verhoog en geprys in die lofliedere wat sy gedig en aan MY voordgedra het. Sy het haar vryheid in MY gevind en was oor niks anders as EK begaan nie. Daarom het EK aan MY volk die oorwinning gegee en sy het MY altyd daarom geprys , ”Want die lof en die eer kom toe, Jahweh, die Elohim van ons vaders.

EK het Debora bomate geseën, omdat sy MY bo alles liefgehad het en dit MY welgeval het. Nou sal julle MY vra hoekom EK ‘n vrou opgeroep het? MY antwoord aan julle is , dat daar niemand in Israel was wat MY so welgeval het as Debora nie. Slegs sy was opgewasse en waardig vir die taak wat EK aan haar opgedra het.

Nou sal julle sê dat Debora nooit geveg het nie en dat Barak die veggeneraal was. EK sê vir julle dat Debora wel in MY Naam geveg het deur die bose te bestry en MY vegsmanne te versterk deur die liedere wat sy tot MY eer gemaak het.

En waarlik keer op keer het EK aan Debora die oorwinning gegee, omdat sy vir die behoud van haar volk gepleit het en sy bereid was om haar lewe te gee tot redding van die volk. Debora het MY bo alles liefgehad en was MY gehoorsaam. Sy was ook ‘n profetes van MY en die volk het haar baie gerespekteer. Hulle het haar lofliedere gesing en MY oor elke oorwinning geprys.

Debora het uitgegaan in koordanse en die vroue en meisies het by haar aangesluit om die oorwinning te vier. Debora se liedere het in MY oor opgestyg en EK het MY genade op haar laat reën en MY seën op haar uitgestort.

Wees daarom soos Debora en wees bo alles lief vir MY en EK sal jou seën met die ewige lewe. By MY sal jy dan vir altyd wees en geen skeiding hoef jy dan te vrees, want jy sal MY aanskou.

Amen.

Dit is die begin van MY boek oor Debora en EK sal julle baie onbekende dinge omtrent haar meedeel.

Amen. Verstaan dit en pas dit toe en EK sal jou seën, soos EK Debora geseën het. Ja, MY seën en onuitputlike krag sal julle tebeurt val.

Amen.

## Hoofstuk 1.

## Die sleutel tot MY

MY kinders die sleutel tot MY is die liefde. As julle MY opreg liefhet, sal julle MY aanskou en sal EK die oorwinning aan julle gee.

Die eerste stryd wat julle moet stry is om julle liggame en verstande te oorwin en volkome te kruisig. In MY krag sal julle dit kan doen en so sal julle Een word met MY.

As julle MY liefhet, sal julle bereid wees om julle liggame oor te gee om gekruisig te word. Dan sal julle al met MY Een wees en dit sal julle nie pla om van julle liggame afstand te doen nie. Julle sal deur MY versterk word tydens julle reiniging en julle sal weet dat EK julle nie aan die bose oorlaat nie.

Wees dapper en volhard op MY weg, dan sal krag jou tebeurt val en jy moet onthou dat EK jou weë gelyk maak met MY liefde en EK roep jou “Kom!”

Dit is MY liefde wat sag in julle harte spreek en julle roep om alles agter te laat , want in MY sal julle soveel skatte vind. Laat MY die Een wees na Wie jy verlang en EK sal in al MY liefde na jou kom en MY aan jou openbaar.

Amen, luister MY kleintjies en laat MY liefde in julle harte gedy.
Amen.

## Hoofstuk 2.

## Al die lof en al die eer kom MY toe.

Al die lof en al die eer kom MY toe, want EK  is sterk en almagtig
En EK is ‘n Verskrikking vir die vyande van MY volk
Ja, EK sal hulle vyande uitroei voor MY aangesig
Hulle wat MY volk vertrap
Sal MY wraak aanskou.

En MY wraak
Sal verskriklik wees
Vir die wat opstaan teen MY volk
En hulle groothou teen MY
Terwyl hulle in hulle bose harte vra
Waar is die GOD van Israel en waarom verberg HY Hom

Waarlik, hulle sal met MY te doene kry
En EK sal hulle wandade vergeld
Met julle oë sal julle die vergelding van julle vyande aanskou

Want EK sal julle verlos
Van die sware juk wat hulle op julle nekke geplaas het

Hulle sal weet dat EK almagtig is en hulle geboortedag berou
Hulle sal wens dat hulle nooit die lewenslig aanskou het nie
Want EK sal deeglik met hulle afreken

Hulle vestings sal inmekaarstort en hulle sal nêrens ‘n skuiling vind nie
Daar sal niks oorbly van dit wat hulle tot stand gebring het nie
Want boosheid kan nie voor MY oë bestaan nie.

Bring die lof en eer na MY
Net EK sal julle lei
In die stryd
En julle sal krag
Van MY ontvang

Amen.

## Hoofstuk 3

2008/02/17 10:57:47 nm

MY kinders, Debora was ‘n dogter van MY en haar lewenswandel het MY verbly. EK het tot haar gespreek en sy het MY opdrag uitgevoer, omdat EK haar kragtig gemaak het in MY werk.

Debora het die bose in MY Naam beveg en nie teruggedeins nie, omdat MY krag in haar werksaam was. SY het niks gevrees nie, omdat die liefde in haar hart tot MY haar belet het om in MY te twyfel. Daarom het sy nooit getwyfel nie, maar haar swakke broers met lofsange tot MY versterk. Sy was ‘n rigter in die ware sin van die woord en baie mense het na haar gekom vir regspraak. Sy was regverdig en het MY in alles geraadpleeg.

Omdat sy MY bo alles liefgehad het, het sy gedoen wat EK haar opgelê het. Met vreugde het sy dit gedoen.

Wees dan soos Debora , MY kinders en moenie huiwer om MY opdragte uit te voer nie.

Amen.

## Hoofstuk 4

## Die roeping van Debora.

In die Bybel word daar vertel van Debora wat by die palmboom regspraak gegee het, en dat verskeie mense opgetrek het na haar om regspraak en ook aangaande MY van haar te hoor.

EK het Debora geroep en sy was eers nie seker of dit wel EK is nie. EK het MY aan haar geopenbaar as ‘n sagte stem en sy het MY toe herken. Ja, EK het Debora met krag vervul en haar uitgestuur om MY lof te verkondig. Sy moes die boodskap van oorwinning dra en aan MY verknegte volk meedeel. Sy het dit met vreugde gedoen en het gejubel tot MY lof.

Al hoe meer lofliedere het in haar hart ontspring en sy het sonder ophou vir MY gesing. Dit het haar en ook die volk sodanig versterk dat hulle geen oorlog gevrees het nie, maar die stryd vol krag tegemoet gegaan het.

Alle krag kom van MY en dit moet julle nog leer. Julle moet leer om nie op julle eie krag staat te maak nie, maar julle moet vra om innerlik deur MY versterk te word, want innerlike krag dra die liggaam tydens moeilike omstandighede. Innerlike krag, wat van MY afkomstig is ,maak baie ‘onmoontlike’ dinge moontlik.

Debora het haar krag van MY ontvang en sy was suksesvol in alles wat sy aangepak het.

Amen.

## Hoofstuk 5

## Debora, die vrou van Lappidot.

MY Debora was die vrou van Lappidot, maar sy het ‘n maagd gebly uit haar groot liefde vir MY. Sy het haarself wel ‘n moeder in die volk genoem, maar dit dui op die respek van die kinders van Israel, wat hulle vir haar gehad het, want Debora was ‘n gerespekteerde vrou en baie het haar liefgehad en baie het haar ook gevrees omdat MY Gees kragtig in haar werksaam was en EK aan haar dinge meegedeel het wat die mense verstom het. Hulle kon dit nie verstaan nie en het niks van MY verborgenhede begryp nie, want die liefde in hulle harte het gekwyn en hulle oë en ore was gesluit sodat hulle MY waarhede nie kon herken nie.

Deesdae is dit dieselfde geval: omdat die mense geen liefde meer in hulle oor het nie, het hulle geestelike sintuie in onbruik verval en sal hulle in der ewigheid nooit siende of horende word, tensy hulle liefde opnuut deur goeie dade opgewek en gevoed word nie.

MY kinders, dade van naasteliefde voed die liefde en jy sal meer en meer lus voel om iemand te help en jou hart sal van liefde tot MY brand.

MY kinders, gryp MY woorde van liefde en genade aan en streef daarna om MY te behaag deur jou naaste in liefde by te staan. Wees vurig lief vir MY en julle sal ryklik met MY liefdesgawes oorlaai word.

MY liefde is ‘n bodemlose put en EK nooi julle uit om julle by MY te kom verkwik. MY liefde is die wonder wat jou tebeurt geval het. Sing tot MY eer en jy sal genade in MY Oë vind en EK sal jou barmhartig wees.

Amen.

## Hoofstuk 6.

## Debora wat MY lof besing.

Debora se lofsange het MY verbly en dit het haar ook vreugde verskaf, dit was haar vreugde om vir MY te sing. Baie mense is versterk deur haar sang en sy het ook ‘n baie mooi stem gehad wat sy net tot MY eer gebruik het.

Debora was ‘n beskeie vrou en nie hoogmoedig oor die eer wat haar tebeurt geval het omdat EK tot haar gespreek het nie. Steeds het sy haar nederig geag en MY oor alle goeie gawes geprys, want sy het gesê “ Al die lof en eer kom Jahweh toe, want HY is die Almagtige, die Aanvoerder van die leër van Israel. Keer op keer het HY die oorwinning in ons hande gegee. Luister daarom , kinders van Israel en verootmoedig julle voor die Elohim van ons vaders, HY wat ons nooit in die steek gelaat het nie, ten spyte van die opgehoopte sondes van die huis van Israel. Kom nou en buig julle neer, julle hardkoppiges en hoor die woorde van Jahweh wat tot my gekom het.

So het Jahweh gespreek: Gee ag, kinders van Israel en moet MY woorde nie verag nie, maar luister na MY, Jahweh van die leërskare.

EK sal aan julle die oorwinning gee as julle julle pligte stiptelik uitvoer en doen wat EK deur MY diensmaagd beveel. Trek uit in MY Naam en EK sal die vyand in julle hand gee. Ja, die oorwinning sal aan julle behoort as julle MY die lof en die eer wat MY toekom, sal gee.

Amen.

## Hoofstuk 7.

## *Debora se wapenrusting.*

Debora was met MY bekleed en daarom het sy elke keer die geveg gewen.
Debora was met MY (Liefde) bekleed en daarom was sy onoorwinlik.
Lofprysinge was op haar tong en sy het MY gedurigdeur geprys.
Kom, beklee jou met MY Liefde en die oorwinning sal aan jou behoort, want EK gee dit as ‘n geskenk aan die wat MY vurig liefhet.

Hou jou hand nie terug van jou naaste om hom te help nie, en verberg nie jou liefde vir jou broer nie, maar laat dit rein wees voor MY Oë. EK het julle baie lief en het aan die kruis MY oorgrote Liefde vir julle gewys. Waarlik, MY Liefde is groot en allesomvattend, daarom sê EK aan julle MY kindertjies om MY bo alles lief te kry, so word julle kinders van MY en engele op aarde.
Julle sal MY Hemelryk beërwe en die heelalle sal aan julle behoort, ja, alles wat aan MY behoort, sal julle ten deel val en julle sal juig en bly wees en jubel in MY, die GOD van julle heil.
Want dit is EK wat verlossing bewerkstellig, rus en bevryding is alleenlik by MY te vinde. MY kinders, EK sal julle nie in sonde laat vergaan nie, maar julle moet die keuse doen of julle bevry wil word. EK sal geeneen wat bevry wil word, se hand los en hom verlore laat gaan nie. Daarom sê EK dat jy jou moet afkeer van die sonde om sodoende bevry te raak. Moenie toegee aan jou liggaamlike drange nie, maar fokus op MY, want EK bring verlossing.
Dit is EK wat bevry, maar jy moet ook jou deel doen en heeltemal met jou sondige lewenshandel breek en jou wil tot MY rig, dan sal EK in jou werksaam raak en jy sal deur MY Gees oorwin.

Kom nader aan MY
Dit is EK wat bevry
EK breek kettings
Van die dood
Ja, EK maak
Volkome vry

Amen. Beklee julle met MY liefde, dan sal EK die oorwinning in julle hand gee en EKSELF sal julle bystaan in die geveg. MY engeleskares sal teenwoordig wees en EK sal julle uitred. Ja, verbaas sal die nasies vra hoe dit kon gebeur het en MY kinders in ander lande sal MY Hand daarin herken en begeer om ook by julle en by MY te wees.
Amen.
Hou MY altyd voor oë en EK sal jou onoorwinlik maak. Amen. Amen. Amen.

## Hoofstuk 8.

## Onoorwinlike Debora

***2008/02/18 09:07:07 nm***

MY geliefde Debora was onoorwinlik omdat sy MY liefgehad het. MY Debora het MY wil gedoen en in MY Naam kragdadig opgetree. MY kinders, julle liefde vir MY maak julle onoorwinlik.

EK vra soms opofferings van julle en julle het die keuse of julle wel wil doen wat EK julle opgelê het. Vir julle wat MY liefhet, sal EK die pad gelyk maak en julle leed versag. EK is altyd naby met MY genesende krag en EK wil julle

versterk.

Maak MY julle Krag, soos Debora gemaak het. EK was Debora se krag en sy het niks gedoen sonder om MY te raadpleeg nie. Nooit het sy aan MY krag getwyfel nie en daarom het EK haar ‘n sterk leier gemaak wat respek afgedwing het. Almal moes haar respekteer want sy het MY liefde en krag uitgestraal.

Debora was ‘n besonderse vrou en sy is lank deur die kinders van Israel onthou. Wie sal ‘n deugsame vrou vind, haar waarde is ver bo korale, maar EK sê vir julle , kosbaarder is ‘n vrou wat MY dien en liefhet.

Wees onoorwinlik in MY liefde en deins nie terug vir gevaar of moeilike omstandighede nie, want EK is daar en EK sal krag voorsien. EK is julle krag, neem MY aan en moet MY nie versmaai nie.

Amen.

## Hoofstuk 9.

## ‘n Lofsang van Debora.

***Dinsdag, 19 Februarie 2008 10:06:16***

“Kom laat ons ons verlustig

In Hom

Van Wie die soetigheid kom

HY is ons verlustiging

Van SY Hoof drup dou

SY haarlokke is vol nagdruppels

Dit is die Beeld van my Beminde

So het ek hom aanskou

HY is groot

En die aarde sidder van SY mag

Tog laat HY die kleinste graspriet groei

En die druiwe en granate het uitloopsels aan"

Staan op!

Staan op, Debora

Hef die strydkreet aan

Jou taak is groot

Verbly jou in MY

Jy sal salig in MY arms rus

Veilig aan die hemelse kus

Met  MY arms om jou heen

EK sal aan jou die krag verleen.

Staan op!

Staan op Debora

Word deur MY Liefde magtig in die stryd

Ja, word magtig, spits jou op MY Liefde toe

Word onoorwinlik in MY.

Amen. Amen. Amen

Luister, MY woorde is eg en waar

EK sal jou bewaar

En jou dra deur alle gevaar

Amen.

## Hoofstuk 10

## Debora, MY skugter blom

***19 Februarie 2008***

Debora, MY skugter blom

EK nooi jou om na MY te kom

En jou aan MY Lewenwater te verkwik

Dit is EK wat oor als beskik

Ja, MY bewarende Hand is oor jou

Wees aan MY getrou

En dra MY woord uit aan almal om jou

Bely dat jy op MY vertrou

En wees ‘n lewende getuie

‘n versterking vir die tye

wat kom

‘n versterking vir MY volk

in sak en as

EK sal kom om julle skoon te was

Skoon was EK julle en rein

Sal julle voor MY Oë verskyn

Wees nou gehoorsaam aan MY woord

Dan sal jul woon so ongestoord

In ‘n land so skoon en vry

Ja, vry van sonde en van smet

Want dan is EK alleen jul Wet.

EK Alleen is Woord en Waarheid

EK lei jul op MY weg

Versterk sal jul gaan

Na lande ver vandaan

En geen grense sal jul stuit

Julle is nie meer die buit

Van satan

Want hy is oorwin

In die dieptes is hy neergewerp

En kan julle dan nie meer verlei nie

Amen. Amen.Amen

## Hoofstuk 11

## MY opdrag aan Debora.

*Woensdag, 20 Februarie 2008 7:24:41*

Staan op, ja, staan op Debora

En hef ‘n lofsang aan.

Ja, hef ‘n lofsang aan

En verkondig MY lof,

Want EK is groot en wonderbaar,

EK wat MY oor die kinders van Israel

Ontferm het.

Hef jou op, Debora

Trek uit in die stryd

EK trek voor julle uit

Wie is daar nog soos EK?

EK is Jahweh,

Magtig in die stryd,

Julle vyande maai EK af,

EK verwar hulle omdat hulle

Die hand aan julle geslaan het,

Omdat hulle MY oogappel aangeraak het.

Net julle kan by MY skuil

En EK sal julle versamel

Soos ‘n hen

Haar kleintjies versamel

Ja, EK, Jahweh van die leërskare

Loop oor van Barmhartigheid

Vir dié wat MY liefhet.